Kerk is konneksie | 5 Februarie 2023 | Ds. PC Pretorius

PC.Pretorius@moreleta.co.za

Inleiding

Die metafoor van die wingerdstok en die lote is vir baie mense 'n bekende een. Ons leer uit hierdie metafoor dat Kerk is Konneksie:
Eerstens, die Gelowige se konneksie met Jesus, die Ware Wynstok; tweedens, die Gelowige se konneksie met die kerk of ander takke as bron van aanmoediging en ondersteuning; derdens, die Gelowige se konneksie om ons werk, ons omgewing te sien as 'n plek om te saai of vrugte te dra.

Wenke vir leier

- Deel met die kring die belangrikheid van om gehoorsaam te wees aan wat die Here sê ons moet gaan doen hierdie week.
- Hou die kring verantwoordbaar aan wat die Woord en Gees sê.

Lees saam

JOHANNES 1

Die ware wingerdstok

1"Ek is die ware wingerdstok en my Vader is die boer. **2** Elke loot aan My wat nie vrugte dra nie, sny Hy af; maar elkeen wat vrugte dra, snoei Hy reg, sodat dit nog meer vrugte kan dra. **3** Julle is alreeds reg gesnoei deur die woorde wat Ek vir julle gesê het. **4** Julle moet in My bly en Ek in julle. 'n Loot kan nie uit sy eie vrugte dra as hy nie aan die wingerdstok bly nie; en so julle ook nie as julle nie in My bly nie. **5** "Ek is die wingerdstok, julle die lote. Wie in My bly en Ek in hom, dra baie vrugte, want sonder My kan julle niks doen nie. **6** As iemand nie in My bly nie, word hy weggegooi soos 'n loot en hy verdroog. Die mense maak sulke lote bymekaar en gooi dit in die vuur, en dit verbrand. **7** As julle in My bly en my woorde in julle, vra dan net wat julle wil hê, en julle sal dit kry. **8** My Vader word juis daardeur verheerlik dat julle baie vrugte dra en my dissipels is."

Julle moet mekaar liefhê

9 "Soos die Vader My liefhet, het Ek julle ook lief. Julle moet in my liefde bly. **10** As julle my opdragte uitvoer, sal julle in my liefde bly, net soos Ek die opdragte van my Vader uitvoer en in sy liefde bly. **11** "Dit sê Ek vir julle sodat my blydskap in julle kan wees en julle blydskap volkome kan wees. **12** Dit is my opdrag: Julle moet mekaar liefhê soos Ek julle liefhet. **13**Niemand het groter liefde as dit nie: dat hy sy lewe vir sy vriende aflê. **14** Julle is my vriende as julle doen wat Ek julle beveel. **15** Ek noem julle nie meer ondergeskiktes nie, want 'n ondergeskikte weet nie wat sy baas doen nie. Nee, Ek noem julle vriende, omdat Ek alles wat Ek van my Vader gehoor het, aan julle bekend gemaak het. **16** Julle het My nie uitgekies nie, maar Ek het julle uitgekies en julle aangestel om uit te gaan en vrugte te dra, vrugte wat sal hou. So sal die Vader aan julle gee wat julle ook al in my Naam vra. **17** Dit beveel Ek julle: Julle moet mekaar liefhê!"

Gesels saam

Skrifgedeelte word bespreek deur die volgende 2 vrae te vra:

1. Wat leer ons oor God (Vader, Seun, Heilige Gees) uit hierdie gedeelte?
2. Wat leer ons oor onsself of mense in die algemeen in hierdie gedeelte?

Leer meer / kyk weer

Kliek vir verdere studie materiaal

Kliek hier om weer te kyk.

Doen saam

Wat sê die Woord moet ek gaan doen?

Hierdie gedeelte is waar die hele proses van dissipelskap en dissipelmaking staan of val. Hier beweeg ons van dit wat ons in die Woord ontdek het, na gehoorsaamheid aan Hom.

- Waaroor het die Here met my gepraat in hierdie Skrifgedeelte waaraan ekself prakties in moet aandag gee? (INWAARTS)
- Hoe gaan ek hierdie week vir mense rondom my tot seën wees? Wat het ek uit hierdie Skrifgedeelte ontdek wat ek prakties moet gaan doen? (UITWAARTS)

I Will Statement:

_____

_____

Navrae

kringe@moreleta.co.za
012 997 8100

Algemene info
info@moreleta.co.za
012 997 8000

Bid saam

Gebedsversoeke - 076 351 8383
gebed@moreleta.co.za

Hulp?

Berading - Moreleta Wholeness Sentrum
wholeness@moreleta.co.za
012 997 8035